

27 Desember

Skrifgedeelte: 1 Petrus 5:5-11  
Fokusgedeelte: 1 Petrus 5:10a

### God se ewige heerlikheid

Die Here sê vir ons deur middel van Petrus dat daar 'n tweeledige kontras is tussen die lewe *nóú* en die lewe wat vir ons as gelowiges *na die dood* wag.

- *erstens*: Oor die lewe *nóú* staan geskrywe: lyding, swaarkry, pyn. As dit nie jou finansies is waarmee jy worstel nie, dan bekommer jy jou oor jou gesondheid. Maar die lewe *na die dood* saam met Jesus in die paradys dra die stempel van heerlikheid. Wat jy daar gaan belewe, is so oorweldigend dat geen oog in hierdie bedeling dit al ooit gesien het nie, geen oor het dit gehoor nie en die vreugde van die hiernamaals het nog nooit in enige mens se hart opgekom nie (1 Kor. 2:9). Daar is geen dood of tranes, hartseer of kommer meer nie (Openb. 7:16-17). Daar sing jy saam met die ander gelowiges 'n nuwe lied waarin jy God vereer (Openb. 15:3-4). E
- *weedens*: Die lewe *nóú* – al is dit sewentig of tagtig jaar – is maar 'n “kort tydjie”. Gemeet teen die ewigheid is dit net 'n oogknip, 'n verbyvlietende oomblik. Maar die lewe *na die dood* is ewigdurend, dit hou net aan en aan, dit gaan nooit verby nie. En dink daaraan: Dan is jy altyd in Jesus Christus se teenwoordigheid. Jy is salig-gelukkig. Paulus skryf in 2 Korintiërs 4:17-18: “Ons ligte verdrukking wat vir 'n oomblik is, bewerk vir ons 'n allesoortreffende ewige gewig van heerlikheid; omdat ons nie let op die sigbare dinge nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig.” T  
Ons Here Jesus het met sy dood en opstanding vir jou hierdie heerlike ewige lewe verwerf. Hy hou dit vir jou in bewaring en Hy bewaar jou deur al die pyn en lyding van hierdie lewe sodat jy – op die tyd wat God bepaal het – daardie onverganklike erfenis beslis in besit sal neem. Dan neem Hy jou op in jou ewige Vaderwoning.

Sing: Psalm 65:2, 3 (2001)

Dr. AH Grové (Emeritus)